



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## FEBRUARIE/MAART 2013

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke teks soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.

    LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1

# PASOP VIR MXit!



[Uit: http://www.google.com]

Jy het gedink jou ouers en onderwysers weet niks van MXit toe hulle jou teen die gevare van MXit gewaarsku het nie. Dis eers nadat jy as gevolg van MXit in die moeilikheid beland het, dat jy hulle glo. Vertel wat jy uit hierdie ervaring geleer het.

Skryf ŉ opstel hieroor. **[50]**

1.2

# Toe staan ek daar met ŉ rooi gesig ...

Jy was in ŉ winkel en het ŉ T-hemp aangepas. Jy het die T-hemp oor jou arm gegooi. Jy het vergeet van die T-hemp oor jou arm, by die winkel uitgestap en die alarm het afgegaan. Wat daarna gebeur het, het jou baie skaam laat voel.

Skryf ŉ opstel hieroor. **[50]**

## 1.3 Die beste tye in my lewe



[Uit: http://www.google.com]

Daar was goeie tye in jou lewe wat jy altyd sal onthou.

Skryf ŉ opstel waarin jy terugdink aan hierdie tye in jou lewe en sê waarom jy dié tye nooit sal vergeet nie. **[50]**

## 1.4 Het Suid-Afrikaners gesonde eetgewoontes?




[Uit: http://www.google.com]

Suid-Afrikaners het verskillende idees oor wat gesonde eetgewoontes is.

Skryf ŉ opstel hieroor. **[50]**

1.5

## VALENTYNSDAG




[Uit: http://www.google.com]

Op Valentynsdag koop party mense graag geskenke vir geliefdes. Ander mense dink weer dit is net geldmors om geskenke te koop.

Skryf 'n opstel waarin jy dié twee verskillende menings bespreek. **[50]**


1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die prent aanpas.

1.6.1



[Uit: http://www.google.com] **[50]**

1.6.2




[Uit: http://www.google.com] **[50]**

1.6.3



[Uit: http://www.google.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

### 2.1 BRIEF VAN GELUKWENSING



[Uit: http://www.google.com]

Jou maat het in 2012 baie goeie uitslae in die matriekeksamen behaal en het universiteit toe gegaan om verder te studeer.

Skryf ŉ **brief** aan jou maat waarin jy hom/haar gelukwens met sy/haar goeie prestasie. Sê hoe trots jy op hom/haar is en wens hom/haar ook voorspoed met die studies toe. **[30]**

### 2.2 TOESPRAAK



[Uit: http://www.google.com]

Jy is deel van julle skool se natuurklub wat die ander leerders wil inlig oor die belangrikheid van bome in Suid-Afrika.

Skryf ŉ **toespraak** waarin jy die leerders motiveer om deel te neem aan die Nasionale Boomplantdag en verduidelik hoekom dit so belangrik is om bome aan te plant. **[30]**

2.3 **ONDERHOUD**



[Uit: http://www.google.com]

Jy is een van die joernaliste van julle skool se koerant. Jy moet ŉ onderhoud met die skool se beste sportster voer en in die skoolkoerant vertel van dié sportster se prestasies, hoe hy/sy dit regkry om so goed te doen en wat sy/haar toekomsplanne is.

Skryf die **onderhoud** tussen jou en die sportster in dialoogvorm neer. **[30]**

2.4 **VERSLAG**



[Uit: http://www.google.com]

Julle moes vir Lewensoriëntering ŉ verslag opstel oor ŉ dag toe jy saam met ŉ volwassene na sy/haar werk toe moes gaan om meer oor die werksituasie uit te vind.

Skryf ŉ **verslag** en gee volledige inligting oor die werksplek, die tipe werk, wat alles van die werkers verwag word en watter waarde hierdie dag vir jou gehad het. **[30]**


**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**



[Uit: *Clipart*]

Julle skool gaan 'n entrepreneursweek aanbied en wil graag die jongmense van julle dorp aan hierdie program laat deelneem. Die tema vir die entrepreneursweek is: 2013 – Dink nuut. Jy is een van die leerders wat met die beplanning help.

Skryf 'n **advertensie** vir die jongmense om die entrepreneursweek te adverteer. Sê waar die entrepreneursweek gaan plaasvind, wanneer dit gaan plaasvind, die doel van hierdie week en wat die jongmense uit hierdie week kan leer. Nooi hulle uit om deel van hierdie entrepreneursweek te wees. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**



[Uit: http://www.google.com]

Dis die aand voor jy jou aanvullende eksamen begin skryf. Jy weet dit is dalk jou laaste geleentheid om matriek te slaag of om jou punte in sekere vakke te verbeter. Jy is opgewonde, maar ook baie bang.

Skryf in jou **dagboek** oor hoe jy voel oor die dag en die geleenthede wat vir jou voorlê. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy was verlede jaar een van die leiers van jou skool. Die hoof het jou onlangs gevra om jou skool te besoek en aan die nuwe skoolleiers instruksies te gee oor hoe om die skool ŉ veilige plek vir alle leerders te maak.

Skryf SEWE **instruksies** neer wat jy vir die skoolleiers sal gee. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou